ATTERBURY TRUST

# *Ons gee om*

atterburytrust.org

# *Ons gee graag, want ons gee om*

Oor die afgelope drie dekades het Atterbury Trust met die hulp van 'n menigte wat graag gee, gegroei tot 'n welwillendheidsorganisasie wat hulp oor 'n breë front verskaf aan dié van ons wat dit werklik nodig het.

Ons ondersteun Afrikaanse studente en opvoeding, verskaf geskenkte landbouprodukte aan hulpbehoewendes, maak seker behoeftige mense ontvang mediese sorg met waardigheid, help om Afrikaanse uitvoerende kunste en musiek vooruit te laat boer en bevorder hulpverlening in sorgbehoewende gemeenskappe.

Atterbury Trust is net so sterk soos die somtotaal van ons netwerk, en ons is behoorlik geseënd om 'n rotsvaste groep medewerkende organisasies en weldoeners as vennote te hê in ons missie om drome waar te maak en hulp te verleen aan diégene wat dit die meeste benodig.

Sonder jou hulp sou ons nie hierdie lewensveranderende werk kon doen nie.



# Studente en opvoeding

### *Impak tot op hede:*

- ***1002 Beurse uitgereik aan jong uitblinkers***
- ***707 Grade behaal deur Atterbury Trust-presteerders***
- ***238 Studente in vanjaar se beursprogram***

Vir die afgelope 28 jaar reeds bied Atterbury Trust, met behulp van onafhanklike eksterne donateurs, rentevrye studiebeurslenings aan nuwe generasies toekomstige leiers en behoeftige studente dwarsoor Suid- Afrika.

Ons studente is ons trots, en sedert 1999 is daar reeds bykans 'n duisend Afrikaanse studente uit alle vlakke van die samelewing bemagtig en toegerus om verder te studeer met die hoop om die potensiaal van die nuwe generasie te ontgin en ons plaaslike gemeenskappe op te hef.

Dit gaan egter nie net oor finansiële bystand nie. Mentorskap en 'n gemeenskapsgevoel is vir Atterbury Trust belangrik, en daarom word verhoudings met beursstudente gebou deur middel van gereelde mentorsessies.

Studente word ook aangemoedig om deel te neem aan ons jaarlikse beursfunksies in Pretoria, Stellenbosch, Bloemfontein en Potchefstroom.

Tydens die student se studieloopbaan word daar ook talle netwerk- en werksgeleenthede beskikbaar gestel waardeur studente kan deel word van Atterbury Trust se ander inisiatiewe ten einde ervaring op te bou en vir hulself 'n inkomste te genereer terwyl hulle studeer.













# *Atterbury Foundation NPC*

Atterbury Foundation NPC is in 2007 as 'n Vlak 1 B-BSEB gesertifiseerde niewinsgewende organisasie in tandem met Atterbury Trust gestig.

Hierdie entiteit fokus op sosiale transformasie in vennootskap met voorheen benadeelde gemeenskappe om opleidingsgeleenthede te skep en gemeenskapsopheffingsprojekte te inisieer.

Alle bydraes aan die Atterbury Foundation NPC kwalifiseer vir B-BSEB-telkaartdoeleindes.
Opheffingsprojekte is aanvanklik tesame met Atterbury se eiendomsontwikkelings beplan.

Op hierdie manier is die hulpbronne wat vir hoofprojekte aangewend word, gebruik om 'n betekenisvolle rol in die onmiddellike omgewing te speel.

Suksesvolle inisiatiewe sluit die bekroonde Bergrivier Vaardigheidopleidingsprojek, die Alkantrant- en Soshanguve-biblioteke sowel as die Re-Connect-kinderhuis, wat as deel van die Lynnwood Bridge ontwikkeling voltooi is, die Geelhout Landgoed uitheemseboomverwyderingsprojek buite George asook werkskeppingsprojekte in Johannesburg se middestad saam met Newtown Junction in.

# *Atterbury Foundation NPC*

Sedert 2018 het die fokus verskuif na opvoeding.

Net soos Atterbury Trust, belê Atterbury Foundation NPC in opvoeding en die maksimalisering van potensiaal deur die toekenning van studiebeurse, ondersteuning van skole, fasilitering van toegang tot werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkeling.

Daar word tans 24 universiteitstudente sowel as 'n aantal kleuterskole ondersteun.

Die Karoo Suite-projek, wat in samewerking met Coenie de Villiers en Deon Meyer aangepak is, het dit moontlik gemaak vir tientalle studente uit die Karoo om die geleentheid vir tersiêre studies aan te gryp.

ATTERBURY
FOUNDATION






# *Kleuterskole voedingskema*

### *Impak tot op hede:*

- *2147 Kinders*
- *58 Skole*
- *7 Provinsies*

Atterbury Foundation NPC is sedert 2023 aktief besig om chroniese wanvoeding onder jong kinders in Suid-Afrikaanse gemeenskappe te beveg.

In samewerking met on implementeringsvennote word toegesien dat hierdie kinders daagliks 'n voedingryke ontbyt ontvang ten einde hul fisieke en kognitiewe ontwikkeling oor die langtermyn te verbeter.

Kinders word maandeliks gemonitor om akkurate statistiek ten opsigte van groeibelemmering te verkry. Verslagdoening vind elke ses maande per kind, skool en geografese area plaas ten einde vordering te monitor.








# Terugploeg

***Impak tot op hede:***

- ***948 t Voedsel ingesamel en versprei***
- ***141 Organisasies ondersteun***
- ***3.7 m+ Etes verskaf***

Terugploeg is 'n voedselverspreidings- en gemeenskapsopheffingsinisiatief wat bestuur word deur Atterbury Trust in samewerking met 'n netwerk van weldoeners en vrywilligers in die landbousektor.

Terugploeg ondersteun sedert 2020 behoeftige Afrikaanse gemeenskappe 'n verantwoordbare wyse op deur middel van voedselverspreiding, indiensopleiding en werkskepping.

Met die insette en donasies van groothartige boere word tonne vars vrugte, groente en wildsvleis geskenk en daarna verantwoordbaar aan behoeftige Afrikaanse gemeenskappe versprei.

Met die oprigting van 'n fasiliteit buite Pretoria is die eerste stap geneem om oor die langtermyn 'n volhoubare proses te ontwikkel waarby voedsel doeltreffend versprei en gemeenskappe opgehef kan word.

TERUG PLOEG
HULP WAT WERK








# Triomf Kliniek

### *Impak tot op hede:*

- *12 Jaar van uitnemende sorg*
- *7633 Pasiënte gehelp sedert 2014*
- *18 Aktiewe medici sedert 2014*

Triomf Kliniek, wat onder die vaandel van Atterbury Trust bestuur word, is 'n gemeenskapsprojek wat daarop fokus om gehaltegesondheidsorg aan behoeftige pasiënte te bied. Triomf Kliniek maak dit moontlik vir vrywilligerdokters om hul tyd of dienste beskikbaar te stel sonder enige operasionele of administratiewe las.

Triomf-personeel hanteer die administrasie van verwysings, afsprake en inrig van die fasiliteit. Die kliniek se deure het aanvanklik op 23 Julie 2014 in Pretoria-Wes oopgemaak. In 2025 breek 'n nuwe seisoen vir Triomf Kliniek aan met die hervestiging te Oaktreelaan 41, Hazelwood, Pretoria.

Die sentrale ligging langs die toonaangewende Club Surgical Centre verseker geriefliker toegang vir beide pasiënte en vrywilligerdokters.




TRIOMF

*Uitnemende sorg met waardigheid*







# *Fairtree Atterbury Teater*

### *Impak tot op hede:*

- *15 Jaar van uitmuntende vertonings*
- *4,000 + Vertonings sedert 2011*
- *1 m + Voete deur die deur*

Die Fairtree Atterbury Teater in die hart van Lynnwood Manor is getuig van Atterbury Trust se toewyding aan en liefde vir die bevordering van kuns en kultuur in ons gemeenskap. Sedert 2011 dien hierdie wêreldklasteater as trekpleister vir liefhebbers van die uitvoerende kunste soos musiek en drama en word dit ook gereeld as venue vir groot en klein korporatiewe funksies gebruik.

Tydens die ontwerp van die teater is talle betroubare stemme in die kunsindustrie en beroemde kunstenaars genader vir advies ten opsigte van toerusting, klank, ontwerp en uitleg van die ateljee om vir teatergangers en kunstenaars 'n wêreldklasteaterervaring te verseker.



Fairtree Atterbury Teater word allerweë beskou as een van die beste konsertteaters in die land en meer as 'n dekade later gedy ons met meer as 4 000 vertonings en 'n magdom onvergeetlike ervarings. Die teater dra ook by tot Atterbury Trust se toewyding aan studente deur werksgeleenthede wat weekliks beskikbaar gemaak word.

Die teater beskik voorts oor 'n hipermoderne opnameateljee met hoëgehaltetoerusting sodat kunstenaars albums op een plek kan opneem, meng en vervaardig. Die ateljee het 'n venster wat uitkyk op die verhoog sodat daar ook lewende opnames van optredes op die verhoog gemaak kan word.

Sedert 2024 inkorporeer ons ook ons naamborg, Fairtree Capital, in die naam as teken van hul ondersteuning vir die ontwikkeling van kuns en kultuur op plaaslike vlak.

FAIRTREE
ATTERBURY
TEATER

# Ander Trust-inisiatiewe en projekte

## Kultuur

### *Atterbury Acappella kompetisie*

By die Atterbury Trust lê drie kernaspekte ons na aan die hart: studente, gemeenskap en kultuur.

Wat die Atterbury Acappella kompetisie so spesiaal maak, is dat dit hierdie drie elemente op unieke wyse saamweef.

Die idee hiervoor het gekom van 'n alumni Atterbury Trust beursstudent wat 'n vurige pleidooi gelewer het om studente- a cappella (of "sêr" soos dit algemeen bekendstaan) weer na die verhoog te bring.

Ons het dié geleentheid met entoesiasme aangegryp en die kompetisie bied sedert 2023 'n waardevolle platform vir jong musiektalent om hul liefde vir musiek en verhoogkuns ten volle uit te leef.



# *Atterbury Nasionale Klavierkompetisie*

'n Platform vir Suid-Afrika se jong pianiste.

Die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie, wat in 2011 in die lewe geroep is, bied 'n gesogte platform vir talentvolle jong pianiste van 19 jaar en jonger.

Die kompetisie wat jaarliks in die Fairtree Atterbury Teater in Pretoria gehou word, lok deelnemers van dwarsoor Suid-Afrika wat in drie ouderdomskategorieë ingedeel word om regverdigheid te verseker.



# Ander Trust-inisiatiewe en projekte

- ***Welwillendheidsprojekte:*** Verskeie welwillendheidsprojekte sedert 2013 in samewerking met mediavennoot GrootFM 90.5.
- ***Studente-werksgeleenthede:*** Sedert 2023 is 4 514 werksgeleenthede geskep en 'n totaal van R3,4 miljoen aan studente uitbetaal.
- ***Infrastruktuurprojekte:*** Projekbestuur van die Trust vir Afrikaanse Onderwys se infrastruktuurprojekte by Afrikaanse skole – 17 projekte tans onderweg.
- ***Survivors-gholfdag:*** Administratiewe en finansiële bestuur van die gholfdag.
- ***Karoo Suite:*** Opvoedingsgeleenthede vir kinders uit die Karoo in samewerking met Coenie de Villiers en Deon Meyer.
- ***Leersaam:*** 'n Program wat remediërende klasse by vier laerskole in Pretoria-Wes aanbied.
- ***MengNet:*** Netwerkgeleenthede vir jongmense onder 35 jaar.








# Ons mense



***Ananja Koen***
Uitvoerende hoof
ananja@atterbury.co.za



***Jana Wilbers***
Finansiële Bestuurder
janaw@atterbury.co.za




***Danelle Strydom***
Bemarkingsbestuurder
danelle@atterbury.co.za



***Bianca Rykaart***
Studentekoördineerder
biancar@atterbury.co.za



***Leonie du Preez***
Lewensafrigter
leonie@grolife.co.za



***Liauné Goedhals***
Gemeenskapskoördineerder
liaune@atterbury.co.za




***Juané Vermaak***
Finansiële assistent
juane@atterbury.co.za



***Hanneke Vallentgoed***
Triomf: Suster
srh@triomf.org.za



***Suzette Wilbers***
Triomf: Administratiewe beampte
info@triomf.org.za



***Johann Limbach***
Terugploeg: Fasiliteitsbestuurder
johann@terugploeg.co.za

# *Ons weet jy gee ook graag*

As 'n welwillendheidsorganisasie is ons van die skenkings van mense soos jy afhanklik om die werk te kan doen wat ons vooropstel. Om te gee is deel van ons DNS by Atterbury Trust, want ons gee om. As jy wil help, skenk dus gerus aanlyn deur middel van ons Donasiewinkel, want ons weet jy gee ook graag.

Met jou hulp kan ons 'n groter impak in Suid-Afrika maak deur meer projekte te ondersteun.

# *Bankbesonderhede vir skenkings*

***ATTERBURY TRUST IT 4555/98***
***FNB*** 63006546238
***Takkode*** 252445

***ATTERBURY FOUNDATION NPC***
***2007/006504/08***
***FNB*** 63130719892
***Takkode*** 261550

'n Artikel 18-A sertifikaat sal aan jou uitgereik word vir die belastingvoordele van jou skenking.

Bydraes aan die Atterbury Foundation NPC kwalifiseer vir B-BSEB sertifisering.